

# Voorbeeldvraestel 1

Afrikaans Huistaal Graad 12

Tyd: 2 uur

**Totaal:** 70 punte

## Instruksies en inligting

1. Hierdie vraestel bestaan uit **drie** afdelings.
  - Afdeling A: Leesbegrip (Vraag 1)
  - Afdeling B: Opsomming (Vraag 2)
  - Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies (Vraag 3)
2. Beantwoord **al** die vrae.
3. Begin elke afdeling op 'n **nuwe** bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is, in die **middel** van die bladsy.
5. Laat 'n reël tussen die antwoorde oop.
6. Gee besondere aandag aan **spelling** en **sinsbou**.
7. Skryf netjies en leesbaar in **blou** ink.

## Afdeling A: Leesbegrip

### Vraag 1: Tydskrifartikel, koerantberig en strokiesprent

Lees die tekste noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.

## Hol, spring en rol

*Die kans is goed dat jy dit op TV gesien het. Heel moontlik het jy al in jou naaste park verby ouens geloop wat dit doen. Dis nou Parkour, 'n Franse sport, wat besig is om die wêreld straat vir straat oor te neem. En nou is dit ook in Suid-Afrika, skryf Siyabonga Africa.*

1. Hol met die straat af. Spring oor 'n bankie in die park. Land met 'n spiraalrol en laat wiel vir die eerste die beste geutpyp. Klouter boontoe en verdwyn oor die kant. Stop. Rekspring na die naaste rand, hou vas en werk jouself sistematies ondertoe. Gewoonlik sou dit klink soos verneuk-instruksies vir 'n Playstation-speletjie, maar in die land van die tweebeen is 'n traceur (iemand wat Parkour beoefen) koning.



2. Parkour Suid-Afrika sê dat hierdie sportsoort al sedert die vroegste tye bestaan: sedert die mens oor rotse begin spring en soos Tarzan aan bobbejaantoue deur bome geswaai het.
3. Jacky Ho, 'n traceur en 'n lid van die beheerliggaam van die Suid-Afrikaanse Parkourvereniging sê dat die sport in 2003 in Suid-Afrika lewe gekry het te danke aan 'n dokumentêre program wat die wêreld se lus vir dié sport aangewakker het.
4. Die beginners van die sport, in die jare tagtig, was David Belle en sy goeie vriend, Sebastian Foucan. Die twee het die kuns van beweging gekonseptualiseer en die strate van 'n klein dorpie in die suide van Frankryk ingevaar.
5. Vrynael is 'n ander vorm van Parkour wat meer op die akrobatiese kundigheid fokus. Chris Jones, 'n traceur in Kaapstad, sê dat Parkour vir hom 'n lewenstyl geword het. Die 26-jarige student in nywerheidsontwerp glo dat die sport daarvoor gaan om vas te stel waartoe jou liggaam in staat is.
6. “Ek het Parkour meer as twee en 'n half jaar gelede begin beoefen. In daardie tyd het ek video's van David Belle en Sebastian Foucan gesien en gedink: wow! Ek het toe beseft dat my hele lewe 'n aanloop tot hierdie ontdekking was,” sê hy.
7. Parkour is te sien in musiekvideo's (Madonna se Hung up en Sugababes se About you now) en dit het selfs 'n draai gemaak toe Daniel Craig 'n traceur-terroris deur die strate van Madagaskar agterna gesit het in die Bond-fliek Casino Royale.
8. Chris voeg by dat die doel van Parkour nie is om jouself op televisie te sien nie – dis 'n persoonlike reis van selfontdekking.
9. Gaan kyk gerus by [www.pkasa.co.za](http://www.pkasa.co.za) vir meer besonderhede.

Verkort uit *DEKAT*, Maart / April 2008, bl. 106.

## VRAE

1. Bestudeer die titel en die gepaardgaande illustrasie noukeurig.
  - 1.1 Waarom klink hierdie titel so lekker op die tong? (1)
  - 1.2 Wat beeld die figure in die titel uit? (1)
2. In die subopskrif staan daar *En nou is dit ook in Suid-Afrika*. Is hierdie 'n splinternuwe sportsoort? Motiveer deur 'n fragment uit die teks aan te haal. (2)
3. Bestudeer paragraaf 1 noukeurig. Let veral op die sinslengtes en die woordsoort waarmee elke sin begin. Hoe sluit dit aan by die inhoud? (2)
4. Vervang die emotiewe woorde *laat wiel* (paragraaf 1) met 'n ander nugter woord / woorde. (1)
5. “...maar in die land van die tweebeen is 'n traceur koning.” (paragraaf 1).
  - 5.1 Skryf die oorspronklike idioom neer wat in hierdie sin verander is om by die inhoud van die teks te pas. (1)
  - 5.2 Wat beteken dié idioom in die konteks van die sin? (1)
6. Watter ander vorm van Parkour fokus meer op behendigheid met die liggaam? (1)
7. Is die volgende stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer. (2)  
Die 26-jarige student in nywerheidsontwerp glo dat die sport daarvoor gaan om vas te stel waartoe jou liggaam in staat is (*paragraaf 5*).
8. Gee 'n sinoniem (woord wat min of meer dieselfde beteken) vir *aanwakker* (paragraaf 3). (1)

## Craven se brak is somer pure bul

Dawie van Heerden

Steytlerville

1. Pikkewyn, die aangenome basterbrak van dr. Danie Craven se kleinseun, is nie so bekend nie en sy pryk nou wel nie soos Dok se hond, Bliksem, saam met dié rugbylegende op 'n standbeeld nie. Maar dié klein steekhaar het óók vir haar naam gemaak – op die jagveld.
2. Sy is skaars 'n paar bakstene hoog, maar sy het al 'n uitgegroeide koedoe bul bokveld toe gestuur. En Pikkewyn het die bul nie eers met die tande beetgekry nie. Die bul het haar ook nie gebyt en toe verstik nie.
3. Daar is ook nie sprake daarvan dat Pikkewyn per ongeluk op 'n manier 'n geweer se sneller getrek en sodoende die koedoe 'n doodskoot gegee het nie.
4. Nee, Pikkewyn het die koedoe doodgehardloop.
5. Gewoonlik jaag Pikkewyn ape rond vir die pret, maar sy kon nog nooit daarin slaag om een te vang nie.
6. Sowat drie maande gelede het sy saam met een van die werkers op die plaas in die veld gaan stap en skielik op 'n trop koedoes afgekom.
7. “Pikkewyn het dadelik weggespring en die koedoes begin jaag. In sy haas om van Pikkewyn af weg te kom, het een van die bulle in 'n stofwolk 'n skerp draai gemaak en teen 'n houtpaal vasgehardloop.
8. “Die slag waarmee die koedoe die paal getref het, het die bok se nek laat breek. Toe maak Pikkewyn soos 'n wafferse trofeejaagter asof sy die bok die doodskoot gegee het,” vertel Dok se kleinseun, ook Danie Craven, wat op Noorspoort in die distrik Steytlerville boer.
9. Volgens Craven is Pikkewyn maar ietwat van 'n introvert. Sy is skamerig, maar sy laat nie 'n geleentheid verbygaan om veld toe te gaan nie.
10. “Sodra sy die Unimog hoor waarmee ons veld toe ry, is Pikkewyn soos blits in. Dan gaan staan sy met haar snoet teen die voorruit en fynkam die veld vir wild.
11. “Christine Smit, 'n doktersvriend van my suster, Hanlie, het Pikkewyn 'n paar jaar gelede gekoop. 'n Opregte worshond.
12. “Sy en Hanlie het in 'n stadium as dokters in Londen gaan werk. Toe hulle terugkom, was Pikkewyn nie 'n opregte worshond nie en sy wou nie die plaas verlaat nie. Nou bly sy maar hier,” vertel Craven.

Uit *Rapport*, 2 Julie 2006, bl. 17.

### VRAE


9. Wat is die konnotasie van die woorde *pure bul* wat in die titel voorkom? (1)
10. Watter enkele woord in paragraaf 1 dui aan dat Danie Craven nie van die begin af die hond se eienaar was nie. (1)
11. Noem twee maniere hoe dit uitgehef word dat die hond juis op die jagveld naam gemaak het? (2)
12. Watter kontras is daar in paragraaf 2 en watter effek het dié kontras op die leser? (2)
13. Wat is die aard van die styl van hierdie teks? (1)
14. Daar word in paragraaf 2 en paragraaf 3 vertel hoe die hond dit NIE gedoen het nie. Watter effek het dit? Wat noem ons hierdie tegniek? (2)

15. Waarom kan paragraaf 4 as 'n hiperbool (vergroting) gesien word? Verduidelik volledig. (2)
16. Dink jy dié hond is buitengewoon of 'n held? Motiveer. (1)
17. Wat is 'n trofeejagter? (1)
18. Haal 'n woord uit die teks aan wat beteken *inkennig, na binne gekeer*. (1)

[14]

EN

Bestudeer die meegaande illustrasie noukeurig en beantwoord die volgende vrae:



19. Hierdie illustrasie het geen onderskrif nie en die leser moet self afleidings uit die prent maak. Skryf kortliks jou waarneming neer. (1)
20. Die middelste vyf kinders is tjoepstil. Watter soort geluide word daar vóór en ná die stilte gemaak? Noem minstens twee en dui aan waaruit jy die afleiding maak. (2)

[3]

Totaal vir leesbegrip: 30

## Afdeling B: Opsomming

### Vraag 2

Lees die onderstaande teks noukeurig deur en voer die onderstaande instruksies uit.

#### Is daar beter medisyne op aarde as pure passie?

*Passie is lewe, 'n idee, 'n talent of 'n ander persoon. En almal wat rondloop met wilde idees.*

Wanneer jy jou droom vasgestel het, is dit nodig om jou passie op kreatiewe maniere uit te leef. Hier is 'n paar maniere om kreatiwiteit te skep:

1. Skep 'n kreatiewe omgewing. Net soos 'n vaal, oninteressante milieu jou kreatiewe denke kan kelder, so kan 'n prikkelende atmosfeer kreatiwiteit aanwakker. Die moontlikhede is legio. Skryf met 'n bisarre pen of skryf elke woord in 'n ander kleur. Helder jou dag op met jou gunsteling kleur: in jou klere, 'n blom in die hare of 'n uitspattige skoen. Hou 'n trom aan om goeie idees aan te kondig en maak 'n groot bohaai daaroor. Jy sal verbaas wees hoe aansteeklik dit is.
2. Dink aan elke dag as 'n ontdekkingsreis. Beskou alle aspekte van jou lewe as 'n bron van kreatiewe idees. Luister na ander se menings, vra vrae en beskou jou vakansie, motorrit of die boek wat jy lees as 'n geleentheid om nuwe inligting in te samel. Baie keer is 'n kreatiewe idee weggesteek tussen die alledaagse roetine.
3. Oorweeg alternatiewe. Om jou kreatiwiteit te ontwikkel, moet jy buigsaam wees. Heroorweeg al daardie saai roetines in jou lewe en kyk of dit anders kan werk. Dink byvoorbeeld aan spyskaarte, huiswerk, buitemuurse aktiwiteite en romanse en maak 'n persoonlike reël om eers te besluit hoe jy dit gaan doen nadat jy aan vyf of tien alternatiewe gedink het. Moenie sommer die eerste die beste kies nie.
4. Begin die onverwagte doen. Die brein word gestimuleer deur die breek van 'n patroon. Besoek byvoorbeeld een keer per week 'n vreemde plek, probeer 'n nuwe aktiwiteit of knoop met een vreemdeling 'n gesprek aan. As van jou uitstappies en aktiwiteite jou effens ongemaklik laat voel, is dit 'n teken dat jy uit jou gemaksone beweeg.
5. Vind uit wat jou droom is deur vrae te vra soos: Waarmee was ek nog altyd goed? Wat is my talente wat nog onontgin is? Waarvoor gee ek die meeste om? Wie bewonder ek die meeste? Wat doen ek die graagste? Identifiseer jou droom en maak dit 'n werklikheid. Leef jou droom dan met passie uit.

Verwerk uit *Taalgenoot*, Februarie 2005, bl. 20.

#### Instruksies

1. Lees die teks 'n paar keer aandagtig deur sodat jy die inhoud goed verstaan.
2. Skryf die vyf maniere hoe om kreatiwiteit te skep neer in vyf sinne van nie meer as 10 woorde elk nie.
3. Skryf dit puntsgewys en dui by elke sin aan hoeveel woorde gebruik is.
4. Skryf in volsinne en nie telegramstyl nie.

## Afdeling C: Taalstrukture en-konvensies

### Vraag 3

Lees die volgende tekste noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.

#### Raakvatsêgoed val lekker oppie tong

Juanita Kruger

1. “Sy skiet nie net spek nie, sy gooi die hele vark.”
2. Afrikaans is ’n taal wat aanhou groei en net al hoe lekkerder op die tong val.
3. Die ATKV het onlangs ’n SMS-kompetisie gehou waarin deelnemers lekker raakvatsêgoed moes instuur.
4. Die voorwaarde was dat dit in een SMS-boodskap moes pas. Sakkie Kotze van die ATKV Centurion sê hulle het wel langer SMS’e ontvang, maar “die seggingskrag van so ’n sêding verhoog deur so min as moontlik woorde te gebruik”.
5. Die ander voorwaarde was dat die spesifieke woorde wat gebruik is, “die presiese gevoelens op daai oomblik moet verwoord.”
6. Volgens Kotze het hulle inskrywings van oor die hele land gekry. Hy sê dit was veral lekker om die sêgoed wat eie aan ’n kontrei is, te sien. Soos dié een van die Wes-Kaap: “Hy is innie lap geslat.” Dit beteken iemand is deftig aangetrek.
7. Deon Viljoen het met sy poging – “Ek sit nou so lekker, ek staan sommer op en gaan sit weer” – die kompetisie gewen. Hy het R1 000 en ’n naweek by ’n ATKV-oord gewen.
8. Hier is van die ander inskrywings: “Tel op jou voete, jy trap op my gevoelens.”
9. Dogtertjie vra: “Wanneer trou Mamma en Pappa weer sodat ek ’n boetie kan kry?”
10. “Gun elke windpomp sy bietjie wind.”
11. “As ’n student ’n muntstuk opgooi en dit val ‘kop’, dan kuier hulle; ‘stert’ dan fliek hulle en ‘op die kant’ dan swot hulle.”
12. Die kompetisie was so gewild dat die ATKV besluit het om voort te gaan met die projek.

Uit *Sondag*, 18 November 2007, bl. 12.

#### VRAE

1. Die woorde *tong val* kom in paragraaf 2 voor. Gebruik nou die woord *tongval* (as een woord) in ’n goeie sin. (1)
2. Skryf die afkortings ATKV en SMS (paragraaf 3) voluit neer. (2)
3. Gee die enkelvoud van die woord *raakvatsêgoed* (paragraaf 3). (1)
4. Gebruik die skeibare werkwoord in paragraaf 6 as twee woorde (dus geskei) in ’n sin. (1)
5. Waarom die gebruik van die enkel aanhalingstekens in paragraaf 11? (1)
6. Die woord *besluit* kom in paragraaf 12 voor. Gee die korrekte vorm van dié woord tussen hakies.  
Hy was (vas besluit) om die beste sêding uit te dink sodat hy die prys kan wen. (1)

[7]

EN


## Jong weduwee se stadige hartseerwals

### *Beeld-deurloop deur Johanna van Eeden*

1. Wat het geword van die Hoëveld se laatmiddagdonderstorms, daardie tipiese Pretoriase staatsdiensreëntjie?
2. Dit voel my al te veel of ons dié seisoen te doen het met middernagtelike storms.
3. Klokslag ná tien kom die wind van doer onder in die Moot-vallei deur die krom stamme van karees aangeskarrel.
4. Kort op sy hakke volg die wit swaelblitse wat deur die soel somernag klief.
5. En dan die dwa! dwa! dwa! van die eerste plompe reëndruppels wat die stof op die sinkdak in kurkdroë waterkringe uitplof.
6. Soms baklei die wind met die bome om die huis. Wen die wind, lê daar die volgende oggend 'n doringboom op sy sy. Wen die bome, blaas die wind die aftog, verdwyn in die flanke en gee die verhoog oor aan die sagte tippetap-tippetap van dansende reënkabouters.
7. My oupa het altyd op die rooi agterstoepietrappies van sy voorstedelike huis gesit, sy fletsblou oë skrefies getrek en soos 'n wafferse baas van 'n spoggerige Karooplaas oor Pretoria se horison getuur.
8. Die reën sal kom. Die reën sal kom.
9. En kom die reën, slaan daar wolkerige stoomwalms kniehoog uit die warmgebakte sementvloer oor die rooi trappies – die stadsboer se trotse landery waar droomoeste begrawe lê.
10. My ma sou die weerlig iewers in die verte hoor rammel en dan dadelik oorgaan tot aksie.
11. “Nou moet julle hardloop! Hier kom gróót weer!” sou sy skree, en vooraan streep wasgoeddraad toe, waar bolle lakens aan houtpennetjies baklei teen die wind.
12. Ma haal die lakens af en tem so die takelwerk van die wasgoeddraad wat neuk om soos 'n welhoseilskip die blou horison in te vaar. Sy laai my arms vol van die reuk van die son en ek hardloop huistoe om te keer dat die seile water vat.
13. Die reën kom, die reën kom.
14. Sy kom nie met die mistige nat vlae van 'n Laeveldse bruid nie.
15. Sy dans die stadige hartseerwals van 'n jong weduwee.

Verwerk uit *Beeld*, 13 Januarie 2008, bl. 12.

7. In die illustrasie regs word 'n idioom uitgebeeld wat met reën verband hou. Skryf die idioom en sy verklaring neer. (2)
8. In die teks (paragraaf 1) word die woord *staatsdiensreëntjie* gebruik. Gee 'n idiomatiese benaming vir 'n staatsdiensamptenaar. (1)
9. Watter sinswyse is die sin in paragraaf 1? (1)
10. Van watter vergelyking is die woord *klokslag* (paragraaf 3) die antwoord? (1)
11. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.  
Daar is (seisoen) wisseling in die weer. (1)
12. Gee die teenoorgestelde van die woord *kurkdroë* (paragraaf 5) in die volgende sin: ... *val die reëndruppels op die kurkdroë sinkdak*. (1)



13. “ ... lê daar die volgende oggend ’n doringboom op sy sy ...” (paragraaf 6). Die woorde sy word dieselfde gespel, maar verskil in betekenis en behoort ook tot verskillende woordsoorte. Dui die woordsoorte van elk aan. (2)
14. Gebruik die woord *flanke* (paragraaf 6) in ’n ander betekenis as in die teks. (1)
15. Haal die deelwoord uit paragraaf 6 aan en skryf neer of dit ’n voltooide of ’n onvoltooide deelwoord is. (2)
16. Die woord *voorstedelike* kom in paragraaf 7 voor.
- 16.1 Skryf die twee basisse van dié woord neer. (1)
- 16.2 Gee die verkleinwoord van die woord *stede* in die volgende sin: Die klein (stede) het aan die voet van die berg gelê. (1)
17. Die woord *kniehoog* (paragraaf 9) het betrekking. Skryf ’n ander intensiewe vorm neer waarvan die woord *knie* die bepaler is. (1)
18. Haal ’n samestelling uit paragraaf 9 wat deur ’n verbindingsklank gevorm is, aan en omkring die verbindingsklank. (1)
19. Skryf die ma se woorde “*Nou moet julle hardloop! Hier kom gróót weer!*” (paragraaf 11) in die indirekte rede. Begin jou sin só: Die ma sê ... (2)
20. Van watter woord is die woord *reuk* (paragraaf 2) deur klinkerwisseling afgelei? (1)
21. Daar is in paragraaf 12 één woord wat verkeerd gespel is. Skryf slegs dié woord korrek neer. (1)

[20]

EN



“Louis, die Laeveldleeu” deur Wim Bosman, geneem uit *Beeld Plus*, 8 Augustus 2009, bl. 11.

22. Die woord *opkommandeer* (raampie 1) het betrekking. Skryf die verklaring van die idioom *kommandeer jou eie honde en blaf self* neer. (1)
23. Watter suggestie skep die bobbejaan in raampie 2? (1)
24. Die woord *komplimenteer* kom in raampie 3 voor. Gebruik nou die woord *komplementeer* in ’n goeie sin. (1)

[3]

Totaal Afdeling C: 30 punte  
GROOTTOTAAL: 70 punte